Siektes En Beproewinge

Ek wil iets verduidelik, 'n paar lewensbelangrike dinge wat julle moet weet. My stem is nie baie hard nie, so ek sal waarskynlik *hiernatoe* moet gaan. As die Here toelaat, Sondagmiddag, wil ek vir julle preek in 'n evangelistiese Evangelie boodskap, vir Sondagmiddag. En ons verwag 'n paar groot dinge, wat die Here vir ons hierdie week sal doen.

2 Een ding is aangaande. . . baie hier sou net nie kwalik verstaan hoedat hierdie gebedskaarte uitgegee word—word aan die siekes en die beproefdes nie. In drie jaar van probeer, is hierdie die enigste program wat ek ooit gevind het wat regtig gelyk het asof dit geseënd is van God.

3 Eers sou ons net ingaan en glad geen kaarte hê nie, en die mense net laat oplyn. Dit was so 'n opeenhoping, ook. Dan sou ek miskien vyftien, twintig minute op 'n keer kry om te bid; die skares sou my oorkom, hulle sou my moes wegtrek.

4 En dan die volgende, begin, ons sou die gebedskaarte vooruit stuur na die predikers. En elke prediker wat geborg het, miskien vyftig of meer kerke deur die area wees wat die diens sou borg, en elke prediker sou ten minste 'n honderd kaarte hê. Elke prediker wou sy gemeente eerste hê. Hy sou hulle vir sy gemeente gee en waarskynlik die hele vier of vyf aande, sou net een prediker se gemeente inkom, die res van hulle sou baie sleg voel daaroor.

5 Toe het ons daaraan gedink om die plaaslike mense te hê, net die plaaslike mense in die gemeenskap; en partymaal kom mense vir sover as sewe, agtduisend myl na die dienste. Dit was nie reg nie.

6 En die enigste manier wat ons gevind het wat ons kon, die Here regtig die weg kon laat maak, is om te kom en gebedskaarte te neem, omtrent vyftig van hulle, en hulle net uit te gee aan die groepe van die mense, en niemand weet net wie gaan in wees nie.

7 Ek het die tyd gesien wat ek vyftig kaarte uitgegee het, en nie een van hulle word geroep nie. Begin in die diens, en die Gees van die Here lei my reg uit onder die mense, soos daardie, nooit eens die gebedskaarte gebruik nie.

8 Ek het die tyd gesien wat ek op die platvorm sou sit, en net begin preek, en net my hele self verloor vir 'n uur of meer, tyd, terwyl die eerste een geroep word, en dan die ander soos daardie. Ek sou. . . Elkeen genees.

9 Baie mense storm dan vir die—die lyn. Ek het hierdie opmerking gemaak, dis die waarheid, dit was so vir vyf

jaar . . . vir drie jaar nou. Verskoon my. Elke persoon wat na die platvorm kom, is genees. Daar was nooit niks, maak nie saak hoe erg dit verdraai was, verkreupel, of beproef, dis altyd genees. Daar was ’n paar vreeslike gevalle. Maar ek . . . Miskien, in een aand se tyd, sou ek net in staat wees om miskien drie of vier of vyf te kry. Miskien partymaal . . .

10 Ek het eenkeer gesien by Calgary, Kanada, het hulle net twee gehad, waar vyf—en—twintigduisend mense versamel is. Twee.

11 Een was ’n seun wat beproef was vir agttien jaar, sy hand was onder hom ingetrek. Hy was in ’n rolstoel. Sy moeder het haar trouring verpand, om hom te hou. Hy was in omtrent sewe of agt dienste; kon nooit ’n kaart kry nie. Uiteindelik het sy tyd aangebreek vir hom om op die platvorm te wees. Seun het afgestap van die platvorm. Volgende oggend, het hy homself geskeer vir die eerste keer in sy lewe. My daarbuite op die trap ontmoet toe die vliegtuig geland het by Vancouver, om my hand te skud.

12 Die klein dogtertjie was die volgende. Die klein dogtertjie, Katoliek van geloof, een been was vier duim korter as die ander. Ons het omtrent iets oor ’n uur met daardie dogtertjie gehad. En hierdie selfde Bybel . . . Toe hulle haar daarheen gebring het, sy sou ver afgaan na een kant. Ek het hierdie Bybel op haar kop gelê, sy het net so normaal as enige kind geloop, heen—en—weer oor die platvorm, met die vyf—en—twintigduisend mense wat sit, aanskou. Maar, daardie dinge, sê ons net.

13 Ek ken geeneen hierbinne wat ’n gebedskaart het, of wie eerste sal wees nie. Ons gee daardie kaarte uit en dan kom ons in.

14 Ek sal probeer en vir julle ’n idee te gee. My broer sê: “Ek het vyftig kaarte uitgegee.”

15 Ek kom in die gebou in, ek mag ’n klein kindjie ontmoet. Ek sou sê: “Kan jy tel?”

Sê: “Ja, meneer.”

Ek sê: “Begin tel.”

16 Miskien sou hy tel tot by tien, vyftien of twintig, en stop; waar ook al hy gestop het, sou ek die gebedslyn begin. As hy by twintig gestop het, sou ek die gebedslyn begin by twintig, en miskien vorentoe of agtertoe gaan.

17 Miskien die volgende aand sou ek soveel mense in ’n ry aftel en dit deur twee deel, en sien wat die getal is, of so—iets.

18 Niemand weet steeds, vanaand, waar die gebedslyn sal begin nie; net waar ook al dit blyk. Partymaal val dit reg onder die kreupeles. Partymaal val dit onder die siekes. Ek weet nie. Niemand weet nie. Ons gee net die kaarte uit en laat dan die Here lei vir die res, en dit het altyd suksesvol gewerk op daardie manier. Wees in gebed.

19 Ek glo hierdie is alles nuut vir julle mense hier. In al die dienste wat ek ooit was, is hierdie die kleinste tweede aanddiens wat ek ooit gehad het in enige diens vandat ek in die veld was. Gewoonlik, op die tweede aand, enige ouditorium, of op enige manier aangekondig, loop gewoonlik sewe, agt, tienduisend op, teen die tweede aand. Natuurlik, dis net plaaslik geadverteer. Wat die skare bring, omdat dit internasionaal geadverteer is, en soveel honderd kom van een staat af, en die ander state, om die groep te vorm.

20 My volgende diens hierna sal in Houston wees, by die kolosseum. Ek dink dit hou sewentienduisend, dink ek. Dis alreeds in omtrent vier of vyf internasionale koerante. Dis waarvandaan die mense kom, oor die seë en alles, oral.

21 Ek wil graag net 'n klein deeltjie van die Woord vanaand lees, want God se Woord faal nooit. My woorde sal; Sy Woorde sal nie. Dis gevind in Psalms 103, die 1ste, 2de, en 3de vers.

> *Loof die* HERE, *o my siel, en alles wat binne—in my is, sy heilige Naam.*
>
> *Loof die* HERE, *o my siel, en vergeet geeneen van sy weldade nie?*
>
> *Wat al jou ongeregtigheid vergewe, wat al jou krankhede genees.*

22 Mag God Sy seëninge voeg by Sy Woord! Dit alles, van *Siektes En Beproewinge* praat, wil ek net graag vir 'n paar oomblikke 'n paar stellings daaroor maak. En ek wil hê julle moet luister en dit julle onverdeelde aandag gee.

23 Siektes en beproewinge is alles die gevolge van sonde, miskien nie in jou lewe nie, maar in iemand se lewe voor jou. Die Duiwel is die bewerker van siekte en beproewinge. Voor ons enige Duiwel gehad het, het ons geen siekte of beproewinge gehad nie. Maar, toe Satan gekom het, het hy siekte en beproewinge saam met hom gebring.

24 Daar is soveel keer dat ons na hulle verwys as seëninge. Ek kon nooit dink dat God 'n seëning uit 'n siek persoon kan kry nie; behalwe as dit 'n sondaar was nie, hom na God dryf; of 'n ongehoorsame kind, hom terugbring om herenig te wees met sy Vader. Maar siektes is die gevolg van die Duiwel, en die val. Daar . . .

25 Vandag, het ons die beste dokters wat ons ooit gehad het. Ons het die beste mediese wetenskap, beste hospitale, wat ons ooit gehad het, en meer siekte as wat ons ooit gehad het. En in die dag dat wanneer ons die beste mediese wetenskap het wat ons ooit gehad het, bou hulle die heeltyd inrigtings vir die ongeneeslike. Net wanneer ons die beste wetenskaplike werk oor beproewinge en siektes het wat ons ooit gehad het; inrigtings aan die bou, jaarliks, vir die ongeneeslike.

26 Maar daar was nooit niks wat voor Jesus Christus gekom het, die Seun van God, behalwe waarvoor Hy meer as opgewasse daarteen was nie. En Hy's net dieselfde vandag as wat Hy gister was, en sal vir altyd wees. En Hy bewys dit. En julle sal dit sien, aand na aand. En as dit nie so is nie, dan het julle 'n reg om te twyfel.

Iemand het gesê: "Hou die genesings?"

27 Hulle hou solank as wat geloof hou. Maar wanneer geloof faal, dan sal jou genesing faal. Sou jy sê dat elke persoon wat na die altaar kom en bekeer is, sou 'n Christen wees al hulle dae? Hy kon vanaand 'n kind van God wees, en môre 'n kind van die Duiwel wees. Dis wanneer hy geloof verloor in God, wat hom terugstuur.

28 En enige krag wat jou hier kan genees by hierdie platvorm, kan jou gesond hou. Dis waarom ek hierdie stelling maak, dat, niks hiernatoe kom wat dit nie hier verlos word nie. Buitekant hier, is dit volgens jou geloof of dit bly.

29 Ek het mense sien kom na die platvorm, heeltemal blind, en hierdie selfde Bybel lees. In minder as vyf dae, weer terugkom net so blind as wat hulle ooit was. Hoekom het hulle hier gelees? Die krag van die Duiwel het daardie gawe van God herken en hy moes weggaan. Nou dis 'n vree—. . . dis 'n. . . Ek weet dis nogal 'n stelling om te maak, maar ek weet waar ek staan. En ek weet Wie ek geglo het, en ek ken Sy krag om te genees.

30 Iemand het gesê, nie lank gelede nie, toe ek in Phoenix was. Gebedsrye was ver in die strate af; hulle kon nie eens in die ouditorium inkom nie. Aan die gaan in die ry, het iemand gesê: "Is—is jy nie bang, Broer Branham, om daar te staan voor al daardie dinge en besef dat kritici daar staan, en koerantverslaggewers, ensovoorts, om te kritiseer nie?"

31 Ek het gesê: "Ek is nie bang solank ek voel dat Hy naby is nie. Maar as ek Hom nie kan voel nie, sou ek van die platvorm afgaan en huis toe gaan."

Geen mens kan niks doen nie. Alles moet van God af kom.

32 Byvoorbeeld, ons sal neem die. . . om vir 'n paar oomblikke te praat oor kanker. Dit blyk om een van die hoof vyande vandag te wees. Wat is 'n kanker? Waar het dit vandaan gekom? Gewas, katarak, maagseer, longontsteking, tuberkulose, al daardie name is mediese name wat die mediese wetenskap vir hulle gegee het. Die Bybel verklaar hulle om duiwels te wees. Byvoorbeeld, kanker, wat is 'n kanker? Dit kom gewoonlik van 'n kneusing.

33 Al die natuurlike dinge van die aarde tipeer die geestelike. Alles in die natuurlike tipeer die geestelike. Julle weet dit, omtrent die meeste van julle.

34 Byvoorbeeld, soos wanneer 'n baba gebore word, en wanneer 'n kind gebore word uit God. Wanneer 'n baba,

wanneer 'n kind gebore word in die Koninkryk van God... Die Bybel het gesê: "Daar is drie wat getuig in die hemel, die Vader, die Seun, en die Heilige Gees." [Iemand het uitgeroep, verskeie kere—Red.]

35 Nou, dis iemand wat siek is of iets, so gee net vir my julle aandag. As julle hierdie dinge mis, sal julle waarskynlik julle genesing, heeltemal mis.

36 "Daar is drie wat getuig in die hemel." Nou, wanneer ons...Ons bekering. Die element het uit Jesus Christus se liggaam gekom toe Hy gesterf het; daar was water, Bloed, en Gees, en hierdie drie dinge vorm die nuwe Geboorte. Is dit reg, predikers? Hierdie drie elemente vorm die nuwe Geboorte, water, Bloed, en Gees.

37 Dit vorm die natuurlike geboorte, wanneer 'n baba gebore word. Wat is die eerste ding? Water, bloed, lewe. Al die natuurlike dinge tipeer die geestelike.

38 En 'n kanker, in die natuurlike...In die geestelike, is hy 'n duiwel. Hy tipeer die aasvreter en 'n aasvoël; eet dooie goed.

39 Die kanker kom van 'n kneusing. Byvoorbeeld my hand, dit—dit—dit het geen kanker daarop nie. En dit mag hê, een of ander tyd. Wel, wat veroorsaak 'n kanker? Dis 'n...Een of ander sel, kiem in my liggaam, word afvallig, word gekneus, of iets kom in. En van daardie kiem af, of sel, begin dit 'n vermeerdering van selle, vermeerdering, en dit vorm 'n kanker en dit begin in die liggaam invreet.

40 Nou, elke lewe, en elke stukkie lewe wat daar is, kom... kom van 'n kiem af. Jy jouself is uit 'n kiem van die lewe. Jy het gekom, eenkeer, jy was net 'n klein kiemetjie, so klein, hulle kon nie gesien word deur 'n natuurlike oog nie. Jy het van jou vader af gekom. Jy's niks, glad niks van jou moeder se bloed nie. Die bloedsel kom van die manlike geslag. En dan vanaf daardie kiem, kom dit na vermeerdering van selle. En elke ding volgens sy soort; 'n kiem van die hond sal hond voortbring, van 'n voël 'n voël, 'n mens 'n mens. As niks dit onderbreek nie, God se program, niks dit onderbreek nie, sal dit 'n volmaakte, normale kind voortbring. En dit sal groei om 'n volmaakte, normale volwassene te word, as niks dit onderbreek nie. Maar wanneer iets dit onderbreek, dan is dit sekerlik die bose wat God se program onderbreek.

41 God het nie bedoel dat jy siek moet wees nie. God het jou in Sy gelykenis gemaak. Hy wil hê jy moet gesond wees. Hy het alles gedoen wat Hy kan om jou gesond te hou.

42 En Satan is teen jou. Daarom, hierdie kanker wat hy—hy begin, of hierdie gewas, wat dit ook al is, vanaf 'n kiem begin hy om te vermeerder, soos 'n gewas kwaadaardig word, sovoorts. Dis 'n liggaam, net soos jy uit 'n liggaam bestaan. Dit

het 'n gees net soos jy gees is, net dit het geen siel nie. Maar dit het 'n lewe soos jy 'n lewe het. En daarom, dan, in jou, in jou vlees, is daar twee lewens. Een is jy en die ander een is 'n ander wese, wat selle vermeerder, 'n liggaam laat groei, net soos jy in 'n liggaam gegroei het. Is dit reg?

43 Wel, dan, wat veroorsaak dit? Die Duiwel. Die—die kiem is 'n lewe. Eers, is die kiem 'n klein selletjie met 'n lewe daarin. En daardie lewe kan net uit twee bronne kom, óf van God óf die Duiwel. En jy het uit die kiem van die lewe gekom, deur God. Die kanker, gewas, of sovoorts, het uit die kiem van die lewe gekom deur die Duiwel. En hy probeer jou lewe vernietig. Hy eet jou bloedstroom op en—en verskillende maniere wat hy op jou werk. Daarom, weet ek dat hulle duiwels is. Jesus Christus het hulle duiwels genoem. En wat Hy sê is die Waarheid. Hulle is die Duiwel. Die Duiwel is 'n pyniger. Hy is hier om jou liggaam te verskeur, om jou op te eet, jou te verwoes, jou "drie twintigtalle en tien," te verkort, as hy kan.

44 Dis hoekom toe hierdie Engel van God afgekom het na waar ek is. . . Ek weet niks omtrent enige van julle nie. Maar dit is waarom Hy vir jou sê watter soort siekte jy het in jou liggaam, omdat daardie lewe onderworpe is aan die Lewe wat God afgestuur het om dit te onderskei. En dan die dinge wat jy gedoen het in jou lewe. Dit word gedoen deur die krag van God, dan kan ek sê of dit daar is of of dit weg is. En jy kan dit sien deur 'n fisiese resultate wat gewys word. Jy kan die pasiënt sien, wanneer sy liggaam reguit en normaal word, sy oë oopgemaak word, of sy ore oopgaan.

45 Nou wat is dit? Julle sê 'n man, soos die klein seuntjie hier, of soos ek glo party van julle oorkant by die tabernakel was 'n paar aande gelede om te aanskou. Hier's 'n foto hier van waar die *Chicago Tribune* gegee het, van nege stommes, wat hulle daarnatoe gestuur het, wat uit die inrigting gekom het, doof en stom gebore, een van hulle doof, stom en blind. Nou miskien het 'n paar van die bestuurders daardie notas vir julle gelees. Nou daardie mense, koerante soos *Chicago Tribune*, is nie fanatici nie. Daardie gevalle moet absoluut deeglik ondersoek word voordat dit in 'n koerant soos daardie geplaas kan word, of *Waukegan Sun*, of *Post Dispatch*, of enige van daardie koerante. Dis nie 'n fanatisme nie. Dis nie 'n opgewerkte, mitiese geloof, of 'n teorie nie. Dis die Krag van Almagtige God. En Hy's hier om Dit vanaand te bevestig, en sal dit doen. En hoe gouer ons gehoor een van gedagte kan word en een van hart. . .

46 As hierdie—as hierdie groep mense wat hier sit, waarskynlik diegene waarvoor vanaand gebid moet word, om na die platvorm te kom, as hulle een van hart sal wees en eensgesind; net binne die volgende vyf minute, sal daar nie een van hulle in hierdie rolstoele of beddens wees nie. As hulle

sal glo dat hierdie die Waarheid is. En soos hulle kom, een vir een, vanaand, na die platvorm; as hulle, elkeen, nie uit daardie rolstoele en beddens en goed, geneem word, en van hierdie platvorm afstap, normaal nie, dan kan julle sê ek is verkeerd.

47 En ek verwys terug na God, Wie, Hy is onfeilbaar. Jy sal genees word. Nou Hy is hier om Sy Woord te staaf. Elke Woord wat God sê is waar. Maar jy moet Dit nie halfpad glo nie; jy moet Dit weet.

48 Party mense kom, sê: "Ek glo." Hulle dink hulle glo; maar as jy een uit elke duisend sal kry wat regtig glo. "Geloof is die wesenlikheid van dinge waarop gehoop word, die bewys van dinge wat nie gesien kan word nie."

49 Ons word beheer, ons liggame word, deur vyf sintuie. Hoeveel weet dat dit waar is? Laat ons julle hand sien. Vyf sintuie; sien, proe, voel, ruik, en hoor. Dit beheer die natuurlike mens.

50 Nou daar's nog 'n mens aan die binnekant, wat die mens van geloof is, die gees. Hy het twee sintuie. Een van hulle is geloof, die ander is ongeloof. Wat, die volmaakte getal van God maak, sewe, sintuie wat jy het.

51 Nou, omtrent almal van julle hierbinne sou sekerlik sweer by julle vyf sintuie. Nou let dit net 'n oomblik op.

52 Sou jy hier staan, net 'n oomblik, Dr. Cauble? Nou ek glo dat daar 'n man hier voor my staan, wat 'n klein soort van geruite pak aan het, bril op het, met 'n rooi das. Hoeveel dink ek is reg, laat ons jou hand sien? Wel, hoe weet julle daar's man wat daar staan? Omdat julle hom sien. Is dit reg? Nou dis die enigste manier, die enigste sintuig, wat ek nou het, wat vir my sal sê daar is iemand wat daar staan, omdat ek hom sien. Sig verklaar hom.

53 Wel, ek sien hom nie nou nie, maar ek glo steeds hy's daar. [Broer Branham draai sy kop weg van Broer Cauble, maar raak hom aan—Red.] Nou sê julle: "Sien is glo." Is dit? Ek glo dat Dr. Cauble nou daar staan, en ek sien hom nie. Want, ek is in besit van 'n indiwiduele sintuig, buiten sig; dit word gevoel genoem, en ek voel hy's daar. En ek weet dis Dr. Cauble. Dit is nie Dr. Bosworth nie, want Dr. Cauble het 'n klein Testament in sy hand gehad, en dis steeds daar. So ek . . .?. . .Ek het eenkeer hierdie stelling gemaak en iemand het iemand anders laat opglip na my. Maar ek het opgelet dat Dr. Cauble het hierdie klein Bybeltjie in sy hand gehad, en dis Dr. Cauble. Nou die enigste manier wat ek kon sê dat hy nou daar gestaan het, is deur die sintuig van gevoel. En ek weet dit is waar.

54 Maar nou voel ek hom glad nie. Daardie sintuig is dood vir my, maar ek weet hy's daar omdat ek hom sien. Sien wat ek bedoel?

55 Daar is twee onderskeie sintuie van die liggaam wat sê hy's daar. Een van hulle, ek sien hom. Die volgende een, ek voel hom. Nou daar gebeur . . .

Staan net daar net 'n oomblik, broer.

56 Nou ek het nog 'n sintuig, en dit is van gehoor. Begin een of ander musiek van iets. [Die pianis begin speel—Red.] Hoeveel glo daar is musiek wat speel? Laat ons julle hand sien. Sien julle dit? Hoeveel sien daardie musiek? Ruik julle dit, proe dit, voel dit? Wel, hoe weet julle dis musiek? Julle besit . . . Wat as iemand nie hierdie—die sintuig van gehoor nou hierbinne gehad het nie? Hulle sou nie weet daardie musiek speel nie; daardie sintuig is dood vir hulle. Hulle kon dit nie hoor nie, omdat hulle nie kan hoor nie. Maar julle wat 'n sintuig van gehoor het, weet dit speel omdat julle dit hoor. Julle kan dit nie sien nie, julle kan dit nie voel nie, julle kan dit nie ruik nie, julle kan dit nie proe nie, maar julle kan dit hoor.

57 Nou geloof is die wesenlikheid van die dinge waarvoor gehoop word, die getuienis van dinge wat jy nie sien, proe, voel, ruik, of hoor nie. Maar die sintuig van geloof is net so werklik as wat jou sig is, of enige ander van jou sintuie. Sien julle wat ek bedoel? Jy glo dit, jy net . . . Daar is niemand wat jou dit kan laat betwyfel nie, omdat jy daardie sintuig besit wat vir jou sê dit is so.

58 Jy sou sê: "Daardie hemp was wit." Wat as ek vir jou sou sê dit was rooi? Wel, jy sou dit nie glo nie, want dit is wit. Jou sintuig van sig sê dit is wit. Jou oë sê so.

59 Wel, nou as jy glo, julle hier om voor gebid te word, wie ook al jy is, as jy glo vanaand dat jy genees gaan word, net so vas as wat jou sig sê daardie hemp is wit, is die werk net nou gedoen.

Dankie, Dr. Cauble.

60 Dis reg. Geloof is die wesenlikheid van die dinge waarvoor gehoop word, die getuienis van dinge wat jy nie sien, proe, voel, ruik, of hoor nie. Dis 'n ander sintuig. Dis in die ander sfeer. Dis niks natuurlik nie.

61 Jy kan niks van God hê nie, net deur geloof. Deur geloof het die mure van Jerigo geval. Deur die geloof het Moses geweier om die seun van Farao se dogter genoem te word. Deur geloof het Gideon so—en—so gemaak. Deur geloof, enigste manier!

62 "En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag." En as jy Hom wil behaag, moet jy na Hom kom met geloof, glo dat Sy Woord Waarheid is.

63 Hoekom is dit dat ek staan en hierdie verklaring van woorde maak en sê dat niks na hierdie platvorm kan kom sonder dat dit gediagnoseer word en die siektes vertel word, die geheime van die hart nie? En maak nie saak hoe erg dit verkreupel is, daar geeneen is, wat in ander dienste was,

behalwe wat geweet het dat hulle elke keer genees is nie. Hoekom? Toe die Engel my ontmoet het, het Hy gesê: "As jy die mense kan kry om opreg te wees . . . " Of: "As jy opreg sal wees en die mense kan kry om jou te glo, sal niks voor jou gebed staan nie." Ek glo dit. En as ek julle kan kry om dieselfde ding te doen; sal Louisville, Kentucky, 'n skudding hê soos dit nooit tevore gehad het nie. Dis 'n uitdaging.

64 Maar wat ek probeer doen, vanaand, is—is om julle te kry om te sien wat ek bedoel. Dan wanneer julle hier kom, en verlos word, staan reg op daardie Woord. Hy—Hy is die Hoëpriester van julle belydenis. God kan niks doen aan jou totdat jy eers bely dat Hy is nie. Dan wanneer jy dit bely, glo dit dan, tree daarvolgens op, en bly daarby, en God sal jou uitbring. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Waarlik.

Hier nie lank gelede nie . . . by Fort Wayne, Indiana.

65 Terloops, ek het 'n klein stelling daar, Dr. Bosworth, in my jassak, hulle sal dit vir julle bring, van die—die diens waaruit ons pas gekom het, in *We The People*. Ek glo dit was 'n blinde meisietjie, wat hulle dit gepubliseer het. Dit gaan kom in *We The People* nou, 'n boek wat om die wêreld gaan, van 'n koerant verslaggewer wat 'n kritiese stelling geskryf het, gesê het: "Die meisie het aanspraak gemaak dat sy genees is, en was nie." En die meisietjie het die doktersverslae gekry, ensovoorts soos daardie, en dit gepubliseer. En toe het hulle dit ondersoek, en nou het dit selfs gegaan na *We The People*. God sal beweeg, en daar's niemand wat kan . . . Ek sal Dr. Bosworth dit vir julle laat lees, miskien, in môremiddag se diens. Dit is pas afgestuur deur die—deur die Fort Wayne se koerant daarbo.

66 Mev. Bosworth, in die diens; hulle het aangegaan, party van hulle het gesê . . . Daar was 'n man wat daar gesit het met veelvuldige sklerose, was verlam vir tien jaar. En hy het kruipende verlamming gehad, in sy ruggraat ingegaan. Hy was 'n sakeman van die stad. En hulle het nie geweet . . . Hulle het hom daar laat sit. En hulle het baie in die rolstoele gesien en beproefdes, verlos. En daardie aand, het 'n klein skeel—oog meisietjie aan die agterkant van die gebou, baie skeel—oog mense sien verlos word.

67 Ek het nooit enige skeel—oog—kind ooit na die platvorm sien kom, behalwe wat genees is nie. En ons het meer as driehonderd gevalle van skeel—oog gesien, genees word, minder as ses maande se tyd. Ons het rekord daarvan. Veertigduisend getuienisse van die siekes, tot op datum, van genesing, getuies, geteken deur dokters, ensovoorts.

68 Die uur is hier, mense. Die tyd is hier. Ek sê dit, en julle kan my bestempel as 'n fanatikus, as julle wil. Ek glo dat hierdie die tweede Koms van Jesus Christus aandui. Amen. Want, daar sal tekens en wonders wees. En die ding daaromtrent is, as jy nie

in die Koninkryk van God is nie, druk Daarin. Sekerlik sou ek 'n bietjie kennis hê van waarvan ek praat, of God sou nooit my gebed eer om te doen wat Hy doen nie. En julle buitekant die Koninkryk, soek Christus as julle toevlug nou, terwyl dit tyd is en terwyl julle die geleentheid het.

69 Ek sal nooit 'n stelling vergeet nie. Eenkeer het ek gestaan by die . . .

70 Terloops, om julle klaar te vertel van die meisietjie by Fort Wayne. Mev. Bosworth het haar vertel, gesê: "Skat . . ." Sy het literatuur verkoop, agter aan die agterkant van die gebou.

71 Sy het daar uitgekom, gehuil, gesê: "Mev. Bosworth," dis Broer Bosworth se vrou, gesê: "ek het al daardie skeel—oog mense gesien genees word," sy was 'n jong dame, omtrent agttien, vreeslik skeel. Gesê: "As jy sal . . ." Gesê: "As ek net daar kan inkom en in daardie gebedsry kom! Maar ek kan nie eens 'n kaart kry nie."

72 Mev. Bosworth, medelye, het uitgegaan na die kind. Sy het gesê: "Skat, as jy reg daar agterom sal loop, waar jy hom kan sien, en regtig . . . Moenie—moenie net nou verbeel nie. Maar glo met jou hele hart dat daardie 'n gawe van God is, verseker ek jou hy sal jou uitroep binne 'n paar minute."

73 Ek het gebid vir die siekes op die platvorm, het my rug gedraai gehad op die meisie. Meteens, het ek dit voel inkom, geloof wat beweeg. Ek het omgekyk, ek kon dit nie vasstel nie, daar was te veel wat so saamgedring gestaan het. En ek het geweet dit kom van daar af, en ek het probeer onderskei watter soort van 'n gees dit was. Sien, haar geloof het opbeweeg in daardie kategorie in.

74 En toe ek omgedraai het, het ek haar uiteindelik gekry. O, tweemaal die afstand van hierdie gebou, gesien waar sy staan. Sy het 'n groen jas aangehad. Ek het gesê: "Die jong dame wat daar agter staan met skeel oë, en 'n groen jas, moenie meer vrees nie. God het jou genees." Haar oë het heeltemal normaal geword. Dis net een van die duisende gevalle wat so gebeur het.

75 Wanneer, as ons die diens kan kry, as julle mense kan bymekaar kom en net afgooi wat julle dink *dit*, *dat* is, dit net afwerp. Moenie net as toeskouer kom nie. Kom gelowig en kyk of daardie selfde goed nie plaasvind net hier in die gebou nie.

76 Die eerste keer, toe ek Dr. Bosworth ontmoet het, hier, was in Miami. Ons het diens gehou. Dr. Bosworth, internasionaal bekend, veertig jaar ondervinding in die onderrigting van Goddelike genesing. Hy het gedink dat God eendag die—die gawe na die kerk sou stuur. En toe, toe hy gehoor het ek was daar onder, het hy net gedink: "Wel, daar is dit weer, net iemand wat Goddelike genesing preek." Hy het een aand na die diens toe gekom. En deur die diens gekom . . . Ons het gehad, wat hulle noem, die vinnige lyn; duisende het gestaan.

77 Daardie middag, twee seuntjies op WBAY, uitsaaistasie, ’n onderhoud mee gevoer, blind gebore. Beide van hulle het hulle sig gehad, en hulle het hulle daaronder by die uitsaaistasie gehad, onderhoud gevoer.

78 So Broer Bosworth het uitgekom na die diens. En dit het gebeur, terwyl die vinnige lyn begin het, daar ’n paar honderd was wat verby moes kom, daardie aand; niks behalwe hande op hulle gelê soos hulle verby gekom het, vier langs mekaar nie.

79 Hulle het ’n meisietjie deurgedruk. Ek sal nooit die kind vergeet nie. Sy was ’n oulike dingetjie. Sy was ’n klein, blonde—kop dogtertjie; een tand uit voor; en het ’n klein, nuwe manikuur in haar hare gehad, of wat julle daardie goed noem wat die vroue in hulle hare sit. Hulle het haar gedruk. . . Sy was in stutte, onder oor haar—haar heupies hier. En hulle het haar deur die lyn gedruk, en ek het hande gelê op haar. Sy sou van die platvorm afgaan, en hulle sou haar weer in die ry indruk. Wel, die arme dingetjie! En sy het bly deurkom. En dan sou iemand haar deurbring, en hulle sou hande op haar lê. En terwyl sy weer deurgaan, het sy opgekyk, soort van een van daardie klein grynslaggies, julle weet, en daardie tand uit.

En Iets het net gesê: “Stop die kind.”

80 Ek het gesê: “Skat. . . ” Ek het gesien sy het nie geloof gehad om genees te word op daardie tyd nie.

81 Maar, sien, dis waarvoor die gawe is. Hier op die platvorm, julle let op hoe Hy, partymaal, jy moet werk. Die mense sê: “O, ek glo, Broer Branham.” Maar hier is hulle, *hier* onder; hier is waar hulle moet wees, *hier* bo. Wel, dan daardie dinge om hulle siektes en die geheime van hulle hart te vertel, die geloof styg op tot ek die persoon kry om my te glo.

82 Dis wat Hy gesê het: “As jy die mense kry om jou te glo, dan opreg te wees wanneer jy bid, kan geen demoon daaroor vashou, dan nie.” Hy moet die Meester ken. Dan. . . En ek weet Hy het dit vir my gesê.

83 En wanneer ek daardie pasiënt kan opkry by ’n plek totdat hulle geloof hierby kom, dis wat vir my ’n volmaakte geloof gee. Ek het dit nooit sien faal nie. En dit sal nooit faal nie. Dit kan nie faal nie.

84 En toe, toe die meisie, hulle haar deurgedruk het, het ek gesê: “Skat, staan jy reg agter my.” En sy het daaragter gestaan, haar net vasgehou, sy het vasgehou aan my jaspunt. Ek het gesê: “Bid jy, skat.” En sy sou haar hofie buig, bid.

85 En Broer Bosworth het gesit, dit alles ingeneem, steeds net ’n bietjie skepties. En hy het dopgehou, want hy was daarbuite, net die laaste van die diens sien deurgaan. En sy was. . . Dit was die laaste aand, ek glo dit was.

86 En sy het aan my jas vasgehou, ek het net aanhou bid. Ek het van die kind vergeet. Ek het weer omgedraai, ek het gesê: "Skat, hou aan bid," soos daardie.

87 En naderhand, het ek begin voel daardie geloof begin inkom, soos 'n hartklop, pomp, pomp, pomp. En toe dit begin om . . . [Leë kol op band—Red.] . . . gaan soos daardie, het ek omgedraai na haar. Ek het gesê: "Nou, skat," en ek het my hande op haar gelê en die Here Jesus gevra.

Ek het vir die moeder gesê, ek het gesê: "Haal nou die stutte af van haar."

Sy het gesê: "Maar, Broer Branham, ek sê jou, sy . . . "

88 Ek het gesê: "Moet jy dit nie betwyfel nie, dame. Doen jy wat gesê word om te doen." Sy het oorgestap soontoe en die stutte van die kind afgehaal.

89 Hier het sy afgekom en daardie yslike groot stutte vasgehou, voor die mense soos daardie; perfek normaal, net so normaal as wat sy kan wees, daardie beentjies. Is dit reg, Dr. Bosworth? [Broer Bosworth sê: "Amen."—Red.] En aangegaan met die diens. Net 'n paar oomblikke, het ek aangehou . . .

90 O, tweemaal die afstand, of miskien meer, van hierdie gebou, onder die groot sirkustent waar mense gestaan het, reg agteruit in die hoofweë in, daar by die Prinses Tuine. Dan verderaan, het ek aangehou . . .

91 Ek het iets voel inkom, weer begin: "whew, whew." Ek het geweet dit was die geloof. Ek kon nie sê net waar dit vandaan gekom het nie. Ek het bly draai, kyk; maar die mense wat so vinnig verby gegaan het, en hulle wat gehuil het, jou probeer aanraak het en dinge.

92 Naderhand, het ek Dit gesien, ver agter na die agterkant, 'n kêrel met 'n wit hemp aan. Ek het gewag, uit te vind watter soort van 'n gees hom gebind het. Die man was kreupel. Hy het van 'n perd afgeval, 'n paar jaar voor dit. Was 'n handelaar in Miami. Sy hand was verkreupel, en sy arm soos *daardie*. Hy het afgekom as 'n kritikus, om in die diens te kritiseer. En toe het hy begin geloof kry.

93 Ek het gestop en ek het gesê: "Meneer, jy ver agter, vierde van die ry af, wat *hierdie* kant toe gaan, met 'n wit hemp op, aan, staan op jou voete. Jesus Christus het jou genees. "En toe hy opgestaan het, daar het sy hande opgegaan. Sy gegrimeerde vroutjie, jy sou dink sy was 'n holy—roller, soos die broertjie vanmôre gesê het op sy uitsending, om haar te hoor skree. Daar was hy, volmaak verlos.

94 Broer Bosworth het die saak ondersoek, toe het hy na my toe gekom. Hy het die man alles daaromtrent gevra. En toe hy dit so bevind het, het hy gesê, my gevra, gesê: "Hoe het jy geweet dit was die man?"

95 Ek het gesê: "Meneer, ek het begin swak word. Ek het geweet dit kom van iewers af."

96 En hy het gesê, by die mikrofoon gekom, hy het gesê: "Dit bewys Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Dit bewys dit." Gesê: "Nou, die gawe wat in Jesus Christus was, sou soos hierdie hele oseaan hierbuite wees, wat teen die oewer slaan. Die gawe in ons broer sou soos 'n lepel vol water wees wat daaruit geneem is. Maar dieselfde chemikalieë sou in die lepel water wees, dieselfde soort chemikalieë wat in die hele oseaan is." Dis reg.

97 En ek—ek kon myself swakker voel word. En daar was die man volmaak verlos.

98 Nou dit het honderde kere gebeur. En daar is mense in hierdie gebou, glo ek, wat in ander dienste was, om dit te sien. Het ek vriende hierbinne wat in ander dienste was, kon getuig en sê dat dit die waarheid is? Steek julle hande op as julle hier is. Nou kan julle sien. Die Bybel het gesê: "In die mond van twee of meer getuies."

99 Nou, wanneer, julle kan dieselfde ding hier in Louisville hê. Dit is nie nodig vir enigiemand om hier weg te gaan sonder om volmaak verlos te wees nie. Ek mag miskien net nie die tyd hê vir elkeen by die platvorm nie, maar elkeen kan voordeel trek daaruit. As God Homself hier kan bewys as God, en wat bevestig het wat ek gesê het, om die waarheid te wees, glo God dan. Tree dan op volgens jou geloof, en plaas jou geloof as lewende aksie, en God sal net daar op jou begin werk, en sal jou gesond maak.

100 Hot Springs, nou, dit was . . . Ek glo dit was in Little Rock. Een aand het die ambulanse so dik geword, totdat dit die busse blokkeer het. Hulle moes die polisie soontoe bring om hulle van die hoek af te laat gaan, net onder die kasteel in Hot . . . in Rock . . . Little Rock, Arkansas.

101 Eerw. Mnr. Brown was een van die pastore daar. As julle hierdie getuienis wil hê, skryf aan Eerw. G. H. Brown, 505 Victorystraat, Little Rock, Arkansas, en luister hierna. Praat van demoniese krag! En net . . . Dit was omtrent my vierde of vyfde diens, omtrent rondom elfuur; my hand het so lam geword.

102 Partymaal as ek huis toe gaan, is my hand so lam, dik, totdat ek warm water daarop moet laat loop vir amper 'n halfuur, om weer gevoel daarin terug te kry, van die fisiese. En daar 'n horlosie is; ek 'n mens se hande neem, met dit daaraan, sal dit daardie horlosie dood stop. Ek het 'n Longines horlosie nou, pas van die fabriek af gekom. Ek het dit vasgehou. Watter fisiese reaksie, of watter meganiese ding dit doen, weet ek nie.

103 Maar Mnr. Brown het gesê: "Kom onder in die kelder in, Broer Branham, van die ouditorium." Hy het gesê: "Ek het 'n geval hieronder wat jy nooit enigiets soos dit gesien het nie." Wel, ek het afgegaan terwyl ek gerus het.

104 Ek het party verskriklike gesigte gesien, maar ek het nooit iets heeltemal soos daardie gesien nie. Ek het in inrigtings ingegaan waar jong dames die bedpanne gebruik het, op hulle gesigte gesmeer het, kranksinnig. 'n Paar verskriklike dinge gesien, maar nooit niks soos hierdie nie. Op die vloer het 'n vrou gelê, omtrent dertig jaar oud, vyf—en—dertig, gelyk na 'n sterk vrou. En haar—haar bene het reguit opgesteek soos *hierdie*, en hulle het gebloei.

105 Daar was 'n man wat op die trappe gestaan het, net 'n goeie ou Arkansas broer met 'n oorpak aan, en 'n blou hemp. En, vriende, ek sal sê, partymaal klop die beste harte daaronder. Dis reg. Dis waar, reken ek. Ek—ek hou nie van enige aansit nie. Ek—ek hou van ware outydse mans en vroue. Dis reg; God—gered, twee keer gebore. En hy het daar gestaan, hierdie ou verbleikte klere aan. Ek het gesê . . . Afgestap.

Ek het gesê: "Aangename kennis?"

En hy het gesê: "Goeienaand. Is u Broer Branham?"

Ek het gesê: "Ja, meneer."

Gesê: "Ek het gedink u was."

106 Die PA stelsel het dit ook daaronder in afgeneem. Hulle het 'n klomp kranksinniges aan een kant gehad.

107 Maar hulle kon hierdie vrou nie vashou met geeneen nie. Het omtrent agt of tien mans geneem om haar in te bring. Hulle kon haar nie in 'n ambulans bring nie. Hulle wou haar nie in 'n ambulans sit nie. En hulle het iemand soontoe gestuur in 'n motor, en sy het al die ruite uit die motor geskop, en daardie mans wat haar probeer vashou in die motor. En daar was sy, op haar rug gelê. Dokter het haar 'n paar inspuitings gegee. Haar voortydige verandering van lewe het haar hierin laat beland. En daar was sy, op haar rug gelê.

108 En ek het gesê: "Wel, ek sal uitstap en kyk of ek enige vibrasies voel."

109 Hy het gesê: "Broer Branham, moet jy nie daaruit gaan nie." Gesê: "Sy sal jou doodmaak."

Ek het gesê: "O, ek dink nie so nie," net soos daardie.

110 En ek het uitgestap. Sy het daar gelê, na my gekyk, haar oë soort van geknip, gestaar. En ek het gesê: "Goeienaand." Sy het nooit 'n woord gesê nie. Ek het haar hand geneem. Ek het gesê: "Goeienaand."

111 Gesê: "Sy ken nie eens haar eie naam nie, Broer Branham. Sy het nie geken vir twee jaar nie."

112 En ek het haar hand geneem. En net deur God se seëning was ek op my hoede. Sy het my net 'n ruk met albei hande gegee, soos *daardie*, en sy sou waarskynlik die bene van my liggaam gebreek het. En ek het my voet uitgegooi, en haar

regoor die boesem gevang. Sy het my net afgepluk. Ek het weggeruk van haar. En toe, toe ek weghardloop van haar, om by die trappe te kom, het ek 'n gesig gesien wat ek nooit tevore gesien het nie. Daardie vrou, met haar twee bene wat in die lug opsteek, soos *hierdie*, het my gejaag, op haar rug, soos 'n slang. Jy kon haar hoor kruip soos daardie, op die vloer.

113 Nou, dis die Duiwel. Jy kan anders sê, wat jy wil, maar daardie vrou was gebind deur die Duiwel. Sy het na my gekom op haar rug, soos 'n slang, en sy het daar opgekom en sy het teen die kant van die vloer geslaan soos *daardie*. Sy het omgedraai, haar groot sterk ledemate geplaas bo teen . . . geskop soos *daardie*. Daar was 'n bank wat daar gestaan het. Sy het dit geslaan met haar kop; die bloed het uit die een kant van haar kop gevlieg. En—en sy het 'n stuk daarvan afgeslaan. En sy het dit in haar hand gegryp, dit na haar man gegooi en die muur getref. En die pleister het van die muur geval, waar sy dit getref het, met so 'n vreeslike . . . Maniak; twintig keer haar krag, waarskynlik. En daar het daardie groot . . . Sy was 'n goeie grootte, sterk vrou, in elk geval.

114 En toe het sy 'n baie snaakse geluid begin maak, gegaan: "E—e—e—e—e—e, eeeeee," soos daardie. Ek het na haar gekyk, en ek het gedink: "Wel, ek het nooit niks gesien . . . God wees 'n arme gebonde mens soos daardie genadig!"

115 En die man het begin huil. Hy het oorgestap en sy hande omgesit, sy arms om my, gesê: "Broer Branham, nou jy sê daar's geen vibrasie nie?" Gesê: "En ek weet nie wat ek gaan doen nie." Hy het net begin om te huil. Hy het gesê: "Sy het vyf kindertjies by die huis." En gesê: "Ek—ek . . . Sy was 'n goeie vrou." Gesê: "Sy het oor hierdie ou kluite ge—eg en my gehelp om katoen—oeste te lewer." En gesê: "Toe sy siek geword het," gesê: "ek het alles gedoen wat ek kon doen. Ek—ek het my plaas verkoop." En gesê: "Om haar hier te kry, Broer Branham, het ek een ding oorgehad, 'n paar muile. En ek het hulle verkoop, om die broer te kry om haar tweehonderd myl te bring, om haar hiernatoe te bring. En nou skop sy die ruite uit die motor uit, dis hoekom haar bene bloei." Gesê: "Sy was nie van haar rug af vir twee jaar nie, en ken nie eens meer haar eie naam nie."

Ek het gesê: "Wel, broer, sekerlik, God kan haar genees."

116 En omtrent daardie tyd het sy omgedraai. Sy het gesê: "William Branham, jy het niks met my te doen nie. Ek het haar hiernatoe gebring."

Hy het gesê: "Hoekom . . . "

117 Ek het gesê: "Dis nie sy nie. Dis daardie duiwel wat uit haar praat." Dis reg. Hulle herken. Hulle weet.

118 Hy het gesê: "Wel, Broer Branham, dis die eerste woord wat sy in twee jaar gepraat het."

119 Ek het gesê: "Die duiwel gebruik net haar lippe, net soos die een in die geval van legioen."

120 Sy het oorgekruip gekom op daardie manier na my, gesê: "Jy het niks met my te doen nie." Gekruip soos daardie.

121 Ek het gesê: "Broer, glo jy die storie wat jy my hoor vertel het van die koms van daardie Engel?"

122 Hy het gesê: "Met my hele hart," het hy gesê, soos hy sy arms om my gegooi het.

123 Ek het gestap na die hoektrap, en ek het gebid met my hele hart, tot die Here Jesus. Ek het gesê: "God, kyk na daardie arme vrou; vyf klein onskuldige kindertjies by die huis, geen moeder nie, een baba wat drink." Ek het gesê: "Wat kan gebeur? O God, wees genadig!" En die Gees van die Here het gekom. En ek het die duiwel gevra om die vrou te verlaat.

Weer omgedraai, het ek gesê: "Glo jy dit?"

124 Hy het gesê: "Met my hele hart. Wat sal ek doen met haar, Broer Branham?"

125 Ek het gesê: "Neem haar terug. Neem haar reguit terug na die sanatorium." Ek het gesê: "As jy nie een ding betwyfel wat ek gesê het nie, kyk wat gebeur."

126 Twee maande daarna, was ek by Jonesboro, Arkansas, daar waar baie dinge gebeur het. Omtrent agt—en—twintigduisend mense het bymekaar gekom in die stad. En ek het gepreek, en ek het gesien, hulle hande aan die druk of waai vir my, 'n vrou. Sy het gesê: "Herken jy my nie, Broer Branham?"

127 Ek het gesê: "Nee, mevrou." Sy het buite gesit soos daardie, en elkeen . . .

128 Gesê: "Ek . . . Julle almal, almal van julle verskoon my." Sy het gesê: "Ek wou jou net sien."

129 En ek het iemand sien lag; dit was haar man. En daar het sy daar gesit, net so normaal en by haar regte positiewe, met haar vyf kindertjies, net so volmaak as wat sy kan wees.

130 Hulle het haar teruggeneem. Sy het nooit die motor een keer geskop, aan die teruggaan nie. Hulle het haar teruggesit in die opgestopte sel. Die tweede oggend, het hulle ingegaan om haar te voed, en sy het regop gesit. En op die vierde, derde of vierde oggend, het hulle haar ontslaan as 'n gesonde persoon, en haar huis toe gestuur na haar kinders. "Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, en vir altyd."

131 Kyk, vriend, demone herken God se Krag partymaal voor predikers, en Christene. Weet julle dit? Baiekeer. Lees die Bybel.

Toe die priester dit gesê het: "O, Hy is Beëlsebub."

132 Die Duiwel het gesê: "Ons weet Wie U is, die Seun van God, die Heilige van Israel." Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

133 Julle onthou toe Paulus en Silas, toe die predikers gesê het hulle was indringers? Daardie ou fortuinvertellertjie het gesê hulle was manne van God, wat die weg van die Lewe gehad het.

134 As ek nie verkeerd is nie, Eerw. Hooper, van Phoenix, Arizona, wat aan die agterkant van die gebou sit, hy kan daardie stelling staaf. Was jy nie daar daardie aand nie, Eerw. Hooper? Daar is 'n man daar wat net daar was toe dit plaasgevind het. Skryf aan Eerw. G. H. Brown, 505 Victorystraat, Little Rock, Arkansas, en vra hom vir die getuienis. Laat hy vir julle stuur. . . Laat die sanatorium daarvan getuig. Dis een van die duisende.

135 Net nog eenmaal. Die dag hierna, het die Engel van die Here in die gebou ingekom. . . En dan gaan ek die gebedslyn begin.

136 Ek was—ek was onder na El Dorado. Ek moet daar wees by die renbaan omtrent twee aande; net so gou as wat ek hier vertrek, gaan ek na Shreveport, en dan na El Dorado, en verder af. Ek—ek was by 'n kerkie. Hulle het gesê: "As jy sal oorkom om te preek by hierdie kerk. . . "

137 Duisende het die stad gevul. En die verslaggewer is bekeer; op hierdie foto, die opsigter van die—die hotel; albei op dieselfde tyd. Hulle wou weet hoe om Jesus te vind. Was lidmate van kerke vir jare; maar toe hulle die werk van God sien, wat God daarmee gedoen het, in onder Sy mense. Hulle het my gehad in 'n—'n—'n kamertjie. En ek het gepreek.

138 En toe ek uitgegaan het, was daar vier mans om my vergader, by die deur uitgegaan het. En in die reën gestaan daarbuite, seile oor hulle geliefdes en alles gehou, vir stadsblokke, mense wat wag; geen plek om te gaan nie, geen, kon nie eens inkom nie, nêrens plek nie, geen privaat huise nie. Hulle het koerante neergelê, seile vasgehou, net wanneer 'n stortreën sou oorkom, kreupel kindertjies, en gewag vir hulle beurt om in die gebedsry te probeer inkom. Ek sê jou, broer, dis mense wat God liefhet. Dis reg. Ek sal nooit vergeet nie. Soveel fenomenale dinge, mistieke het gebeur, langs die pad. Ek is uit die gebou geneem, mense wat huil, druk, probeer kom waar ek was, soos daardie. Hulle het hierdie lyn laat beweeg na die motor.

139 Ek het iemand aanhoudend hoor skree: "Genade! Genade! Genade!"

140 En ek het omgekyk. Ek kon dit iewers hoor, gelyk soos iets wat net spring in my hart. Ek het gekyk. Ver oor na een kant het gestaan. . . In Arkansas het hulle 'n—'n wet, die gekleurde en die wit kan nie saam wees nie. Ver aan die een kant het 'n gekleurde man gestaan, net 'n klein petjie in sy hande vasgehou, daar gestaan in die reën, en die reën wat hom in die gesig tref. Sy vrou wat skree: "Genade! Genade! Genade!"

141 Ek het gedink aan ou blinde Bartiméüs. En ek het begin aangaan, en gelyk asof Iets my net gesê het om dit nie te doen nie. Honderde van hulle, wat druk. Ek het gesê: "Ek wil oorkant gaan na waar daardie gekleurde man is."

142 Hulle het gesê: "Broer Branham, jy kan dit nie doen nie." Twee van hulle was polisiemanne. Hulle het gesê: "Jy sal net nou 'n rasse—oproer veroorsaak." Gesê: "Jy kan dit nie doen nie."

Ek het gesê: "Maar die Here sê vir my om oorkant toe te gaan waar hy is."

143 En ek het net weggebreek na eenkant en soontoe gegaan. Hulle het 'n klein kringetjie gevorm. En ek het haar hoor sê, toe ek naderkom; die ou vrou, sy het gesê: "Hier kom die predikant, skat." Goeiste, goeiste! 'n Bietjie nader gegaan na waar hy was.

Hy het gesê: "Is dit jy, Predikant Branham?"

En ek het gesê: "Ja, meneer."

144 Hy het my in die gesig begin voel, met sy hand. En hy het gesê: "Predikant, het jy net 'n minuut om my storie te hoor?"

Ek het gesê: "Ja, meneer."

145 Hy het gesê: "Predikant," het hy gesê: "my ou mammie was 'n goeie godsdienstige vrou." Gesê: "Sy het nooit vir my 'n leuen vertel in haar hele lewe nie." Gesê: "Sy is nou omtrent tien jaar dood." Gesê: "Ek het nooit eens van jou gehoor in my hele lewe nie." Gesê: "Ek woon omtrent 'n honderd myl van hier af." En gesê: "Gisteraand. . . " Gesê: "Ek was blind nou vir baie jare." Gesê: "Gisteraand, het ek wakker geword, en gestaan aan die kant van my bed, het my ou mammie gestaan. En sy het gesê: 'Skat, kind, gaan jy af na El Dorado, Arkansas, en vra vir iemand met die naam van Branham.' Gesê: 'Die Here het 'n gawe van Goddelike genesing gegee. Jy sal jou sig ontvang.'" O, goeiste, dit het gevoel asof my hart *so* groot sou word. Ek het gesien God het gespreek.

146 As die mens dit nie wil glo nie, sal God dit op een of ander manier aan die eerlike van hart openbaar. Hy sal.

147 Ek het my hande op hom gesit, en ek het gesê: "Broer, die Here Jesus wat hierdie visioen aan jou gestuur het, staan nou hier om jou gesond te maak." Ek het my hande van hom afgehaal.

148 Sy hand geneem; katarak was dood. Trane het gekom en van sy wang afgedrup. Hy het gesê: "Ek dank U, Here. Ek dank U, Here."

Sy het gesê, sy vrou het gesê: "Skat, sien jy?"

Gesê: "Ja, ek sien."

Gesê: "O, sien jy—jy regtig, skat?"

149 Gesê: "Ja." Gesê: "Dis 'n rooi motor wat daar staan." O, goeiste! Sy het begin skreeu soos daardie.

En toe het hulle my gegryp, begin gaan na die motor.

150 Lateraan, het ek van 'n vliegtuig afgekom naby Memphis, Tennessee, een aand. Ek het begin ingaan, ek het iemand hoor skree: "Hallo, Predikant Branham!" Ek het soontoe gegaan. En wie was dit? Daar was hy, normaal, kon sy Bybel of enigiets lees.

151 Ek het gedink: "Verbasende genade, hoe soet die klank, wat 'n ellendeling sou red. . . "

152 Hy's steeds dieselfde vanaand, as wat Hy toe was. Hy's hier, vriende. Die enigste ding wat ek julle vra om te doen is glo dat ek julle die Waarheid vertel het. En kyk hoe die Krag van Almagtige God doen soos ek gesê het. As Dit dit nie doen nie, dan sê julle dat Broer Branham 'n valse profeet is. As Dit dit doen, glo julle God dan vir Sy getuienis.

Sal ons ons hoof buig.

153 Ons Hemelse Vader, o, ek dink, eendag wanneer ons afkom na die einde van die reis, en ek opkom na U huis, bid ek dat U my sal inlaat, en ek 'n sitplek iewers daar oorkant kan hê saam met al hierdie dierbare mense wat ek ontmoet het. Ons kan die dinge bespreek, die herinneringe wat ons het van hierdie groot dinge wat U vir ons gedoen het. En hoe wonderlik, langs die pelgrimsreis hier, om U te sien en te weet dat U naby is, en U is hier vanaand om hierdie siek en beproefde mense te verlos.

154 Here, tot hierdie tyd, ons weet nie wie U gekies het om in hierdie lyn te kom nie. U weet wel. Iemand is hier. Daar is vyftig mense wat kaarte het. Here, U sal voorsien. U weet wie hier is om te kom. En ons vertrou dit toe aan U hande, Here.

155 Nou seën elkeen. En mag diegene, Here, wat nie in staat sal wees om in die gebedslyn te kom nie, wanneer hulle andere sien wat beproef en gepynig is, soos hulle is, hulle verlos sien, O God, bid ek dat hulle geloof sal opstyg en glo. En, O Vader, gee dat daar 'n outydse herlewing net sal begin regoor die stad, Here, dat elke kerk herlewings sal hê en verlore siele sal inkom, glo aan U geliefde Seun. Skenk dit, Dierbare God.

156 Nou, Vader, U ken die—die swakheid van die mens. En ons ken die Krag van God. En ek bid dat U U Engel sal stuur, die Een Wie my geskei het van my moeder se skoot, my in hierdie lewe ingebring het, en verordineer het vir hierdie doel, hier sal staan vanaand. Dierbare God, deur hierdie groot stelling met vrymoedigheid gemaak het, voor die duisende, en honderde van duisende van mense, U het nog nooit gefaal nie. En ek weet dat U ons nie vanaand sal faal nie, maar U vanaand sal skenk dat elke geheime sonde van die hart voor die mense vertel sal word; hulle siektes vir hulle vertel sal word, die demone wat hulle bind. En elkeen verlos sal word (sal hulle nie, Vader?) omdat ons U vertrou en U liefhet en U glo, en dit vra in U Naam en tot U glorie. Hoor die gebed van U dienaar nou, Vader, want ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

157 Goed, die gebedslynbestuurder nou. ['n Broer kom na die mikrofoon en sê: "Ek wil diegene met gebedskaarte hê vanaf B vyf—en—tagtig, tot B eenhonderd, om in lyn te staan volgens jou nommer aan my regterkant, en julle linkerkant, by die platvormtrappe. Vanaf B vyf—en—tagtig, tot B eenhonderd. Al die res bly sit."—Red.]

158 Mag sê, terwyl hy die rye opgelyn kry, elkeen hierbinne weet die . . . Ons probeer dit sê, dat julle eerbiedig moet wees. Ons sal nie verantwoordelik wees . . . Ek moet dit sê volgens die wet, elke aand. Ek is nie verantwoordelik vir enige kritici in die diens nie. Hierdie dinge gaan van die een na die ander, veral epilepsie, ensovoorts soos daardie. Ek het mense in die diens sien kom, heeltemal normaal; 'n spastiese hier sien sit, en hierdie spastiese normaal uitgaan en die kritikus kreupel uitgaan. Ek het hulle sien inkom soveel as agt—en—twintig op 'n keer, val met epilepsie, in die vloer. Hierdie demoniese magte sal 'n plek vind om na te gaan.

159 En, vriende, dis die Bybel. Hoeveel weet dis Bybel doktriene, laat ons jou hand sien. Dit is net die Nuwe Testamentiese kerk in aksie. Is dit nie, vriende? Die Krag van Almagtige God om te verlos.

160 En terwyl hulle die mense oplyn, dink ek diegene in die rolstoele, hulle wil net hê julle moet stilsit, hulle sal julle kom kry wanneer ook al hulle . . . Wanneer julle kaartnommer gereed is, sal hulle—sal hulle jou roep.

161 Nou wil ek hê almal moet dit onthou. Julle is—julle is altyd welkom by die dienste, elkeen. Maar wanneer ek julle vra om julle hoofde te buig, moet julle julle hoofde buig. En dan wanneer ek . . . moenie jou hoof optel totdat jy my hoor sê oor hierdie mikrofoon, of Broer Bosworth wat hier staan, om jou hoof op te tel nie. As jy dit voor dit doen, sal ek nie verantwoordelik wees vir wat gebeur nie.

162 Mnr. Hooper, wat naby sit, hy was by 'n . . . Ek hou daarvan om iemand so te sien, in ander dienste was. Hy was by Phoenix, Arizona, saam met ons, waar een van die beamptes van die stad, in die diens gesit het.

163 Hy het gesê: "Wel, dis 'n goeie geval van sielkunde," gesê: "ek sal net . . . Niks daaraan nie."

164 Ek het man bly voel. Hy het agter aan my regterkant gesit. Ek het gesê: "Iemand aan my regterkant, met hulle kop op." Hy wou nie sy kop afhou nie.

Een van die plekaanwysers het vir hom gesê, gesê: "Laat sak jou kop."

Hy was 'n beampte van die stad, so hy het gesê: "Ek hoef nie."

So: "Goed."

So hy het vir my kom sê.

165 Ek het ’n kindjie daar gehad, en hy het ’n klerespeld met ’n lap daarom gedraai gehad, probeer. . . Hy het ’n epileptiese aanval gehad; het een reg op die platvorm gehad toe. Partymaal wanneer ’n epileptiese kom, gooi dit hulle in aanvalle.

En ek het gesê: “Goed, meneer, ek het jou gevra. Dis al wat ek kan doen.”

166 Ek het gebid. Ek het gesê: “God, moenie dat hierdie onskuldige kind ly vir daardie kind. . . vir daardie man, sy ongehoorsaamheid nie.” Die kind verlaat. Die man het net geglimlag en aangegaan.

167 Omtrent twee dae later, het hy gekom. . . ’n snaakse gevoel begin kry, gesê: “O, dis net ek wat dit dink, dis al.” Gesê: “Dis net—dis net my verbeelding, dit raak my net baas.” Daaruit probeer skud.

168 Omtrent ’n dag later, het die beamptes hom opgetel onder in die dorp, om—en—om aan die loop. Omtrent ses weke later, het hy oorgekom. . .

169 Ek het ’n diens gehou in Charles Fuller. . . by Charles Fuller, oorkant in Long Beach. As enige van julle daar was, weet julle hoeveel daarbinne was. Daar was letterlik duisende daarbinne, wat op—en—af met die strand gestaan het, so hulle. . . Hy kon nie daar inkom nie.

Opgegaan na Los Angeles, kon nie daar inkom nie.

170 En, uiteindelik, Modesto. Sy vrou, op ’n reënerige aand, het oor die paadjie geval. Baard het uit sy gesig gegroei, verskriklik, verskriklik gelyk. En daar was hy. Gesê: “Broer Branham, iets moet gedoen word.” Gesê: “Hy—hy—hy wil nie, wil nie eens eet nie. Ons kan nie eens water in hom afkry nie.” O, hy het verskriklik gelyk. Daar gesit, sy oë het net gestaar.

171 Ek het ingestap. Hy het begin gaan: “hummmm,” weggegaan van my soos *daardie*.

172 Ek het vir hulle gesê om die deur te sluit. En ons was moeg, was in die Saterdagaand klubhuis daar, vir ure, gewerk met die siekes. Ek het Broer Brown en Broer Moore die deur laat sluit, om mense weg te hou. Sy vrou was modderig van die val oor die paadjie, en het aan my broekspype vasgehou. Ek kon nie eens beweeg nie. Hulle kon my nie sleep nie, sy wat vasgehou het, om by haar man te kom.

173 Omtrent vyf—en—veertig minute later het dit hom verlaat. Hy het sy arms om my gesit en my omhels. Sy hoed opgesit op sy kop soos daardie, my hand geskud, huis toe gegaan as ’n gesonde man.

174 Sê julle, vriende, as ek ’n kritikus was, sou ek nie eens rondsit wat aangegaan het nie. Ek is hier om julle te help

en julle nie te hinder nie. Wel, nou, onthou dit net. As julle julle hoof gebuig sal hou, as iets sou gebeur, is ek dan verantwoordelik daarvoor. Nou, jy kan nie stories daaroor vertel nie, want ek sal dit weet wanneer jy hier kom. Maar nou wees julle net eerbiedig, wees in gebed. Wanneer ek julle vra om julle hoof te buig, hou julle hoof gebuig. Julle het gisteraand, baie mooi. En doen julle dieselfde ding vanaand, sal alles reg wees. Is julle . . .

Hê julle rye gereed.

Sal ons ons hoofde buig nou net 'n oomblik.

175 Vader, ek besef dat—dat hierdie 'n groot tyd is. Dis 'n tyd wanneer ons van aangesig tot aangesig staan met die vyand. En hier is kreupel, beproefde, en sterwende mense. Hier is mense wat hier staan in die ry, dat miskien met kanker, of miskien met hartprobleme. Ek weet nie nou wat verkeerd is met hulle nie. Maar U sal U dienaar sê. En ek bid, U, dat U elkeen van hulle volmaak gesond sal verlos. En mag Satan uitgeroep word elke keer, en mag dit ontbloot word voor die gehoor. Mag elkeen minsaam wees, Here, samewerkend, heeltemal Christen. Mag ons 'n groot diens vanaand hê. Mag die Krag van die Heilige Gees net deur die gebou trek, elkeen genees wat in die gebou is, want ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

Laat ons sing, net een keer, as julle sal.

Glo net . . .

Elkeen net so eerbiedig as wat julle moontlik kan wees.

Alle dinge is moontlik, glo net;
Glo net, glo net,
Alle dinge is moontlik, glo net.

Wonder of ons dit nou so kan sing:

Nou glo ek . . .

176 Hoeveel glo dit? Steek jou hand op terwyl jy dit sing.

. . . nou glo ek, (prys die Here!)

177 [Leë kol op band. Gebedslyn het begin—Red.] . . . het 'n kanker of 'n vroulike probleem. En net 'n oomblik; hulle het albei amper saam getref. [Broer Branham talm.] Dis vroulike probleem, is wat dit is. Dit reg? Ja. Sekerlik. Dis amper by 'n kanker, hoewel, dit is wat dit is. Lewe was nie 'n rosige bed van gemak vir jou nie, was dit? Nee. Jy het baie probleme gehad. [Einde van opname. Gebedslyn gaan voort.]

Siektes En Beproewinge AFR50-0100
(Diseases And Afflictions)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik in Engels gelewer in Januarie, 1950, by die Kerk van die Oop Deur, in Louisville, Kentucky, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2014 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org